

Vrydag 1 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 3:9-20

Fokusgedeelte: Romeine 3:10, 11 (AFR33/53)

Kennis van ons sonde bring dankbaarheid oor ons verlossing

Het jy al gewonder waar al ons probleme vandaan kom? Daar is nie een persoon in die lewe wat nie met iets sukkel nie, wat nie met iets worstel nie. Kyk maar na al die korrupte regerings, die moord, die diefstal ... Ons kan die kwaad en die boosheid in die wêreld opnoem.

Die wêreld gee baie verskillende antwoorde sonder om werklik 'n antwoord te kry. Ons teksgedeelte gee ons die antwoord: die sonde. Want daar is nie een regverdig nie. Daar is niemand wat die Here uit hulle eie soek nie. Dit is alleen deur die genade van die Here dat ons harte verander word om Hom te soek.

Het jy al gewonder waarom ons moet weet van ons sonde? Waarom lees ons die Wet elke Sondag in die erediens? Waarom sing ons boetepsalms in die eredienste? Waarom handel die eerste deel van die Heidelbergse Kategismus oor die sonde? Dit kan alles so morbied klink.

Dit is egter nodig om daaglik aan ons sonde herinner te word, want dit is alleen in die lig van al my sonde, my ongeregtheid en ongehoorsaamheid dat ek werklik kan verstaan hoe groot my verlossing in Christus is. Ons het die kennis van ons sonde nodig om te weet waarvoor Christus kom sterf het.

Dit is juis wanneer ek sien hoe groot my sonde is dat ek verlossing buite myself begin soek. Ek moet arm van gees wees: dit is om myself in al my sonde te sien, sodat ek werklik dankbaar kan wees vir die verlossing wat ek in Christus ontvang.

Sing: Psalm 6-1:1

Ds. W (Werner) Brotherton (Vryheid)